# Skooldrag van 'n Parkie

Ouers word versoek om die voorgeskrewe skooldrag by een van die amptelike leweransiers, bv. Constantia Uitrusters (Thomas Edisonstraat, Menlopark), aan te koop. Dit bring eenvormigheid mee wat absoluut noodsaaklik is. Ouers sal vind dat, kwaliteit in ag geneem, die beste waarde by die leweransiers verkry word.

Die skool het ook 'n klerebank waar tweedehandse klere per afspraak gekoop kan word en 'n klerewinkel vir sportklere.

**DOGTERS**

**SOMERSDRAG**

1. ROK: donkerblou sesbaanprinsesstylrok van voorgeskrewe tetrexmateriaal.
2. SKOENE: swart standaardskoolskoene met plat hak en met veters of bandjies.
3. KOUSE: voorgeskrewe kort donkerblou sokkies.
4. TRUIE: slegs voorgeskrewe blou, moulose oortrektrui.
5. KLEURBAADJIE: word by uitgaandrag en by somersdrag gedra.
6. UITGAANDRAG: wit kortmoutoeknoophemp, donkerblou sesbaanromp (soos vir wintersdrag), kort donkerblou sokkies, skooldas en kleurbaadjie.

**WINTERSDRAG**

1. ROMP: donkerblou sesbaanromp van voorgeskrewe viskose/wolmateriaal.
2. HEMP: wit, langmou toeknoophemp van tetoron/katoenmateriaal.
3. DAS: voorgeskrewe skooldas.
4. KOUSE: voorgeskrewe, donkerblou kuitkouse (wol/nylonmengsel) - kouslengte 8 cm onder die knie of voorgeskrewe donkerblou sykouse.
5. SKOENE: swart standaardskoolskoene met veters of bandjies en 'n plat hak.
6. TRUIE: slegs voorgeskrewe blou, moulose oortrektrui/langmou skooltrui. Word slegs saam met baadjie gedra, NOOIT alleen nie.
7. KLEURBAADJIE: voorgeskrewe kleurbaadjie - verpligtend, ook by uitgaandrag.
8. SERPE: slegs skoolserp, gedra volgens voorskrifte.

**MATRIKULANTE**

(Sien wintersdrag en hierdie voorwaardes)

1. Heeljaar uitgaandrag.
2. SOMER: kortmou, wit hemp en kort sokkies.
3. WINTER: langmou, wit hemp en langkouse.

**SEUNS**

**SOMERSDRAG**

1. HEMP: grys kortmoudashemp vir skooldrag - tetron/katoenmengsel.
2. BROEK: grys sajetkortbroek verpligtend vir gr. 8-11.
3. DAS: voorgeskrewe skooldas.
4. KOUSE: grys, lang kouse.
5. SKOENE: swart standaardskoolskoene met veters en dun sole, sonder klinknaels/gespes. Nie stewels nie. Geen hofskoene (gepunt) en dus geen skoene met versiersels/nate bo-op skoen nie.
6. TRUIE: slegs voorgeskrewe blou, moulose oortrektrui.
7. KLEURBAADJIE: word by uitgaandrag en by somersdrag gedra.
8. UITGAANDRAG: wit kortmoutoeknoophemp, grys kortbroek (soos vir wintersdrag), lang grys kouse, skooldas en kleurbaadjie.

**WINTERSDRAG**

1. HEMP: grys, langmouhemp vir skooldrag - tetron/katoenmengsel.
   Wit langmouhemp (slegs op versoek vir besondere geleenthede).
2. BROEK: grys kort sajetbroek van wol/terylene-mengsel.
3. DAS: voorgeskrewe skooldas.
4. KOUSE: grys lang kouse.
5. SKOENE: swart standaardskoolskoene.
6. TRUIE: slegs voorgeskrewe blou, moulose oortrektrui/langmou skooltrui. Word slegs saam met baadjie gedra, nooit alleen nie.
7. KLEURBAADJIE: voorgeskrewe kleurbaadjie - verpligtend, ook by uitgaandrag.
8. SERPE: slegs skoolserp, gedra volgens voorskrifte.

**MATRIKULANTE**

1. Heeljaar uitgaandrag.
2. SOMER: kortmou, wit hemp.
3. WINTER: langmou, wit hemp. Moue mag nie opgerol word nie.

# Skooldrag van 'n Parkie

## SPORTDRAG

1. **SWEETPAK**
   Voorgeskrewe skoolsweetpak met tekkies kan by enige sportaktiwiteit gedra word.

2. **HOKKIE**
   - Menlopark-hokkiehempie
   - Blou hokkieromp van tetrex
   - Voorgeskrewe blou hokkiekouse

3. **NETBAL**
   - Voorgeskrewe romp en netbalhempie
   - Voorgeskrewe wit en blou netbalsokkies

4. **ATLETIEK**
   - Voorgeskrewe atletiekklere

5. **RUGBY**
   - Eerstespantruie is by die skool verkrygbaar.
   - Ander truie (blou met wit strepe) by leweransiers verkrygbaar.
   - Voorgeskrewe blou rugbykouse
   - Wit rugbykortbroek

6. **KRIEKET**
   - Wit hemp en broek met voorgeskrewe krieketpet.

7. **SWEM**
   - Voorgeskrewe swemdrag vir seuns en dogters by leweransiers verkrygbaar.

8. **TENNIS**
   - Soos deur leweransier verskaf.

9. **MUURBAL**
   - DOGTERS: wit hemp met wit rompie en seilskoene met toelaatbare sole.
   - SEUNS: wit T-hemp met wit broek en seilskoene met toelaatbare sole.

---

## ONS SKOOLDRAG IN PRAKTYK: SEUNS

**Hou streng by die voorgeskrewe skooldrag. Amptelike skooldrag word deur die amptelike leweransiers verskaf.**

1. **LANGBROEKE**
   - Dra 'n bypassende swart  leergordel by die broek.
   - Die pype van die broeke moenie ingewerk word tot 'n styf, noupassende voorkoms nie.
   - Geen ingeplooide broeke word toegelaat nie.

2. **SKOENE**
   - Slegs swart standaardskoolskoene met veters, wat nie klinknaels het of die steweltipe is nie. Skoolskoene moet dun rubbersole en geen nate bo-op hê nie. Hofskoene word nie toegelaat nie.
   - Skoene moet daagliks skoon en blink wees.

3. **HEMDE**
   - Maak die boonste hempsknoop vas.
   - Kortmouhemde in die somer en langmou in die winter.
   - Langmouhemde se moue mag nie opgerol word nie.
   - Hemde moet te alle tye by die broek ingesteek wees.

4. **KOUSE**
   - Die amptelike kouse word by beide broeke gedra.
   - Kouse moet dieselfde kleur as die broek wees.
   - Kouse moet te alle tye opgetrek wees.

5. **DASSE**
   - Dasse moet netjies geknoop word met die breë kant na voor.
   - Die das moet so geknoop word dat die onderkant van die boonste deel van die das net aan die band van die gordel raak.
   - Dasse mag nie afgestik word om smaller te vertoon nie.

6. **TRUIE**
   - Geen truie met embleme (bv. GN) op nie.
   - Truimoue mag nie opgestoot word nie.
   - Uitgerekte truie is nie toelaatbaar nie.
   - Voorgeskrewe blou oortrektrui (mouloos) is toelaatbaar.

7. **UITGAANDRAG**
   - Wintersdrag met wit langmouhemp.

**8. SPORTDRAG**
- Amptelike sportdrag.

**9. HARE**
- Netjiese, kort haarstyl. Geen modesnitte nie.
- Hare mag nie gekleur of gejel word nie.
- Seuns wie se baard begin groei het moet daagliks skeer.
- Bakkebaarde moet kort gehou word.
- Geen haarverlengings of "dreadlocks" nie.

**10. JUWELIERSWARE**
- Slegs funksionele polshorlosies mag gedra word.
- Geen ringe, armbande of kettings word toegelaat nie.
- Geen oorringe nie.
- Slegs mediese kettings en/of bandjies mag gedra word.

**11. REëNBAADJIES**
- Mag slegs op reëndae gedra word en slegs terwyl dit reën.
- Moet 'n donkerblou kleur hê.

**12. KONTROLE**
- Gereelde kontrole sal gehou word. Vriendelike samewerking sal hoog op prys gestel word.

---

## ONS SKOOLDRAG IN PRAKTYK: DOGTERS

**Hou streng by die voorgeskrewe skooldrag. Amptelike skooldrag word deur die amptelike leweransiers verskaf.**

**1. ROMPE**
- Lengte wanneer dogters kniel - nie minder as 5 cm en nie meer as 10 cm bokant die knie nie.

**2. SKOENE**
- Slegs swart standaardskoolskoene met veters of gespes met 'n plat hak. Geen patrone of klinknaels of die steweltipe nie.
- Skoene moet daagliks skoon en blink wees.

**3. BLOESE**
- Boonste knoop van bloes moet vasgemaak word.
- Kortmoubloese in die somer en langmou in die winter.
- Langmoubloese se moue mag nie opgerol word nie.
- Bloese moet te alle tye by die romp ingesteek wees.

**4. KOUSE**
- Kort, donkerblou voorgeskrewe sokkies by somersdrag. Sokkies moet omgevou word.
- Voorgeskrewe kuitkouse of langkouse by wintersdrag.

**5. DASSE**
- Dasse moet netjies geknoop word met die breë kant na voor.
- Die das moet so geknoop word dat die onderkant van die boonste deel van die das net aan die band van die romp raak.
- Dasse mag nie afgestik word om smaller te vertoon nie.

**6. HARE**
- Mag nie gekleur word nie en sonstrepe mag ook nie ingesit word nie.
- Slegs blou, wit, bruin of swart haarbykomstighede is toelaatbaar.
- Geen grimering of naellak mag gedra word nie.
- Haarverlengings moet die natuurlike haarkleur wees.

**7. JUWELIERSWARE**
- Slegs funksionele polshorlosies sonder tierlantyntjies mag gedra word.
- Geen ringe, armbande of kettings word toegelaat nie.
- Oorringe: slegs knoppies (goud of silwer) of standaard ringetjies (goud of silwer) mag gedra word en slegs een per oor in die onderste gaatjie. Geen steentjies van enige aard is toelaatbaar nie.
- Slegs mediese kettings en/of bandjies mag gedra word.

**8. REËNBAADJIES**
- Mag slegs op reëndae gedra word en slegs terwyl dit reën.
- Moet 'n donkerblou kleur hê.

**9. KONTROLE**
- Gereelde kontrole sal gehou word. Vriendelike samewerking sal hoog op prys gestel word.
- Meer spesifieke reëls rakende dogters se voorkoms word aan die begin van die jaar deur die onderskeie graadvoogde aan die leerders gekommunikeer.

# Skooldrag van 'n Parkie

## Dra van balkies en ander toekennings

1. Vervat in die skoolbeleid is 'n reglement vir die toekenning van kleure en erekleure. Hierdie reglement is te enige tyd ter insae beskikbaar.

2. Slegs balkies en ander toekennings wat deur Die Hoërskool Menlopark toegeken is, mag op die skoolbaadjie gedra word. Geen ander balkie, toekenning of medalje (hoe verdienstelik ook al) mag op die skoolbaadjie gedra word nie.

3. Die skool ken twee soorte toekennings toe: Kleure (die laer toekenning), wat die leerder toelaat om 'n wit balkie te dra en erekleure (die hoër toekenning) wat die leerder toelaat om 'n goue balkie te dra.

4. Wanneer 'n leerder vir kleure of erekleure kwalifiseer word 'n sertifikaat toegeken wat by die skool se leweransiers getoon moet word wanneer die betrokke balkie aangekoop word.

5. Balkies word direk onder die sakwapen op die baadjie aangewerk. Die eerste balkie sal dus onder die wapen op die sak aangewerk word en nie onder die sak nie.

6. Slegs een balkie per kategorie (bv. rugby, hokkie, kultuur, akademie, ens.) word gedra.

7. In die geval van 'n hertoekenning in 'n kategorie word slegs 'n sertifikaat toegeken: 'n Leerder dra nie 'n tweede balkie nie.

8. Wanneer 'n hoër toekenning in 'n kategorie gedoen word, word slegs die nuwe, hoër toekenning gedra: Die laer toekenning word verwyder.

Wanneer erekleure die eerste keer toegeken word, verander die skoolwapen van 'n katoenwapen na 'n goue lurexwapen. Terselfdertyd verander die oorblywende wit balkies (in ander kategorieë) na silwer balkies.

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS